# LAERSKOOL SAAMSPAN NUUSBRIEF

**Skool sluit môre 13:00!**

Slushies te koop more!
R15



Moenie vergeet nie!

29 Januarie

## WEEKLIKSE BEPLANNING

| DATUM | ALGEMEEN | SPORT |
|---|---|---|
| 02 FEBRUARIE MAANDAG | | |
| 03 FEBRUARIE DINSDAG | Geen formele skoolonderrig Daar is wel toesig by die skool | ATLETIEK SUB-CLUSTER BYEENKOMS<br>Bulletjie rugby oefening (17:30) |
| 04 FEBRUARIE WOENSDAG | | Netbal oefening vir almal (13:45 tot 15:00) |
| 05 FEBRUARIE DONDERDAG | | Netbal oefening net vir 0/10 tot 0/13 (13:45 tot 15:00)<br>Bulletjie rugby oefening (17:30) |
| 06 FEBRUARIE VRYDAG | GEWONE KLERE TEEN R5 | KLEUTERSKOOL ATLETIEK |
| 07 FEBRUARIE SATERDAG | | |

WORD DEEL VAN ONS SKOOL SE WHATSAPP CHANNEL. SKANDEER HIER.

SKANDEER DIE KODE VIR ONS WEBTUISTE

# ALGEMENE INLIGTING

## SKOOL BESOEKERS & KLEIN HEKKIE

Die hekkie by die hoofingang is weer in werking. Druk asb die knoppie by die klein hekkie vir toegang tot die skool. U moet dan asb by ontvangs aanmeld vir 'n besoekers kaartjie.
Die hoofhek word eers om 13:30 oop gemaak vir leerders om uit te beweeg.
**Die hekke in Denyssen Laan sal gesluit word om 07:20. Indien u kind laat is vir skool sal u die leerder in Daniel Straat by die hoofhek moet aflaai.**

Belangrike kennisgewing vir Donderdag 29 Januarie. As gevolg van die atletiek byeenkoms verdaag die skool om 13:00.

## BOEKGELDE

- Boekgelde is verpligtend om te betaal al het u aansoek gedoen vir subsudie.
- Daar is 90% ouers wat ondernemings geteken het vir die afbetaling van hierdie gelde, wat dit nog nie nagekom het nie.
- Slegs ‘n klein persentasie ouers het al die ooreenkoms nagekom en betaal. Baie dankie aan hierdie ouers.
- Die skool het reeds die finansiële kostes gedra om al die skrifte aan te koop en die nodige handboeke te voorsien, sodat leerders onmiddellik kan begin werk. Effektiewe leer kan nie plaasvind sonder dit nie.
- Die skool doen dus ‘n dringende beroep op u, om u verpligting na te kom en boekgelde te betaal.

## VOEDINGSKEMA

Indien daar 'n ouer is wat elke Maandag 5 dosyn hotdog-broodjies kan skenk en 4 brode elke Dinsdag, sal dit baie waardeer word.
Indien u broodjies kan skenk, WhatsApp asseblief vir Juf Marlene by 081 521 7347.
Skenkings van rooiworsies kan gerus skool toe gestuur word — ons het weekliks 'n groot behoefte daaraan.
Ons benodig een ouer wat bereid sal wees om twee keer ‘n maand vir 60 leerders ‘n voedsame broodjie te maak.



**BULLETJIE RUGBY VERGADERING**
**29 JANUARIE - 17:30**
**OP DIE NETBALVELD**

## WELSPREKENDHEID

Baie dankie vir die inskrywings wat reeds ontvang is.
Leerders wat nog wil deelneem, moet asb. hul briefies teen Maandag, 2 Februarie, by hul Afrikaanse onderwyser ingee.

# KELLOGGS PROJEK

**LEERDERS MOET 'N LEË PAKKIE KELLOGGS SKOOL TOE BRING.**
**ALLE PAKKIES MOET TEEN 6 FEBRUARIE IN WEES.**
**ALMAL WAT 'N PAKKIE BRING ONTVANG 'N GESKENKIE.**



# PERMANENTE INLIGTING

## MAAK SEKER OOR DIE VOLGENDE:

- Daar moet ten minste een ouer op die whatsapp groep wees per voogklas. Nuwe ouers moet laat weet as hulle nie op die groep is nie.
- Op Dinsdae dra die leerders hul aktiwiteitshemde met 'n blou broek en tekkies. **Geen swart broeke en plakkies nie.** Let asseblief op na die lengte van die broeke.
- As u kind afwesig is: moet hy of sy die dag se werk by 'n maatjie kry en dit reeds by die huis inhaal. Geen inhaal werk sal afgerol word nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

**FINANSIËLE KANTOOR URE**
07:20 TOT 14:00
VRYDAE - SLEGS IN DIE MIDDAE
13:00 TOT 13:30

**finansies@samies.co.za**
Enige kwessies rakende skool finansies.

**hoof@samies.co.za**
Enige kwessies wat u onder die hoof se aandag wil bring

**admin@samies.co.za**
Hierdie e-pos word gebruik vir enige navrae en inligting rondom leerders en as u 'n afspraak wil reël met die hoof.

**adjunkhoof@samies.co.za**
Hierdie e-pos dien as 'n kommunikasie kanaal tov navrae oor die gedragstelsel, dissipline kwessies en aanmelding van moontlike boeliegedrag.

**media@samies.co.za**
Facebook, webtuiste, nuusbrief, lunchkaart navrae.

**bezuidenhout.juan@yahoo.com**
Beheerliggaamvoorsitter

**SKOOL BANKBESONDERHEDE**
ABSA
TAKNAAM: HERCULES
TAKKODE: 334245
REKENINGNOMMER: 80490046
VERWYSING: FAMILIEKODE (SKOOLFONDS)

## AKTIWITEITSHEMPIES

Op Dinsdae mag leerders aktiwiteitsklere aantrek. Die reëls is as volg:

1. GEEN plakkies! Slegs kaalvoet of netjiese tekkies mag gedra word.
2. Slegs 'n demin of navy kortbroek mag gedra word. Die atletiek kortbroek wat by die verskaffers beskikbaar is mag ook gedra word.
3. Geen geskeurde denim of "ski-pants" mag gedra word nie.
4. 'n Waarskuwing sal gegee word vir verkeerde drag en daarna sal die leerder begin inskrywings kry.

**AKTIWITEIT EN ATLETIEK HEMPIES IS BESKIKBAAR IN DIE WINKEL.**



# VERSOEKE

## MERK VAN KLERE, KOSBLIKKE, SKRYFBEHOEFTES EN TASSE:

Merk asseblief u kind se besittings so duidelik as moontlik. Kom vra asseblief by die kantoor as u kind iets verloor het. Daar is baie verlore klere by die skool.

## KONTAK BESONDERHEDE:

Maak seker dat u gegewens soos telefoon / selfoonnommers, epos adresse en ander inligting by die kantoor op datum is. Baie ouers ontvang nie belangrike inligting, werk of rapporte a.g.v verkeerde en verouderde selfoonnommers en e-pos adresse.

## KLEREBANK:

Indien daar enige ouer is wat klere vir die klerebank kan skenk, sal die skool dit opreg waardeer. Enige skenking is welkom.

## KOPLUISE:

Die skool vra dat ouers asseblief hul kinders se koppe weekliks sal deurgaan vir luise of neute. Leerders wat luise het se ouers gaan 'n brief ontvang om u kind se hare by die huis te behandel. As u nalaat om dit te doen gaan u, u kind ongelukkig tuis moet hou tot u kind se hare skoon is.

## SPORTKLERE:

Ons doen 'n groot beroep op u om asb. enige sportklere, ook eerstespan klere wat leerders nie meer gebruik nie vir die skool te skenk. Leerders kan die klere na Juffrou Melissa toe bring. Leerders wat skenings maak gaan beloon word met 'n dag se gewone klere.

## VOORKOMS VAN LEERDERS:

Die vakansie is verby! Ons versoek dat alle verkeerde en gekleurde hare asb. reg gemaak sal word. Ons skooldagboek het duidelike riglyne wat gevolg moet word. Alle reëls geld.